# Die onbepaalde voornaamwoord in ’n neutedop: notas vir die Afrikaansonderwyser

Die onbepaalde voornaamwoord se naam bestaan uit twee dele, naamlik “onbepaald” en “voornaamwoord”.

## 1. Wat is ’n voornaamwoord, en hoekom is die onbepaalde voornaamwoord een?

Kom ons kyk eers na “voornaamwoord”. Ons weet ’n voornaamwoord is ’n woordsoort wat in die plek van ’n sinsdeel staan. Net so staan ’n onbepaalde voornaamwoord, soos *iemand* in die plek staan van byvoorbeeld *’n persoon*: ***Iemand** (= **’n persoon**) het hard gelag*.

Kom jy agter dat die sinsdeel wat deur die onbepaalde voornaamwoord vervang word, nie spesifiek is nie. Hoekom sê ek so?

- Die sinsdeel *’n persoon* sê vir ons dat daar van ’n persoon gepraat word, sonder om te spesifiseer wie hierdie persoon is.
- Hier onder is klomp gesiggies wat lag, en een van hulle is die persoon wat gelag het. Ons weet net nie wie dit is nie.



Nog ’n eienskap van ’n voornaamwoord is dat dit *nie benoem nie*. Met ander woorde, voornaamwoorde gee nie ’n naam vir iets nie, omdat sy inligtingsdigtheid te laag is. Wat hy wel doen, is hy *verwys*. Hy sê iets vir ons iets oor die saak, soos die **getal** en die **persoon**.

- **Getal**: Byvoorbeeld, die onbepaalde voornaamwoord *iets* sê vir ons dat daar sprake van een ding is, terwyl *almal* dui op meer as een ding.
- **Persoon**: Byvoorbeeld, *iets* en *almal* wys vir ons dat ons nie nou oor die spreker of die aangesprokene praat nie, maar oor iets waaroor die gesprek gaan.

## 2. Wat beteken "onbepaald" in "onbepaalde voornaamwoord"?

Die woord "onbepaald" is mos die teenoorgestelde van die woord "bepaald". Wanneer iets bepaald is, weet jy presies waaroor dit gaan, terwyl wanneer iets onbepaald is, het jy iets in gedagte, maar dit bly vir jou 'n bietjie vaag. En dit is presies wat die onbepaalde voornaamwoord is: vaag.

Kyk na die onderstaande voorbeelde waarin die onbepaalde voornaamwoord in vetdruk aangedui is.

- *Kim het **alles** opgeruim.*
- *Daar lê nog **iets** op die grond.*
- ***Iemand** het Lerato gesteur.*

In geen van bostaande sinne weet 'n mens presies waarna *alles*, *iets* en *iemand* verwys nie.

- Kim het al die goed opgeruim, maar wat is hierdie *alles*?
- Ek sien iets wat op die grond lê, maar wat is dit?
- Wie is dit wat my so gesteur het? Dit is duidelik dat 'n persoon Lerato gesteur het, maar dit is die duidelik wie dit presies is nie.

Die term "onbepaald" beteken dus nié dat iets onidentifiseerbaar is nie. Onbepaalde voornaamwoorde verwys na entiteite (mense/diere/plante/voorwerpe) wat gewoon *onbepaald* of *ongespesifiseerd* is. Dit kan wees dat die spreker/skrywer nie weet wat die saak presies is nie, of dat dit nie vir die spreker/skrywer saak maak om die saak te spesifiseer nie.

**Interaktiewe, digitale onderrigaktiwiteit vir inhoudvaslegging**

Die leerders moet aandui na watter saak (entiteit) elke voornaamwoord verwys deur dit met 'n prent te assosieer. Hiervoor kan die reeds opgestelde toets op Nearpod gebruik word. Tik op jou rekenaar https://nearpod.com/student/ in, en voorsien die wagwoord S4FCL. Daar sal van jou verwag word om eers deur Google in te teken. Maak dus seker dat jy 'n Google-rekening het. Indien jy nie het nie, kan dié YouTube-video gebruik word.




Die onderwyser kan die klasbespreking lei deur van die onderstaande vraagstelling gebruik te maak.

- Hoekom het jy die woord *sy* met die vrou wat glimlag geassosieer?

  [Hulle kan redeneer dat die prent van die vrou 'n bepaalde/spesifieke vrou uitbeeld en dat die woord "sy" die die beste hierby pas.]

- Hoekom het jy die woord *dit* met die boek geassosieer?

  [Hulle kan redeneer dat die prentjie van die boek 'n spesifieke boek uitbeeld en dat 'n mens dikwels "dit" gebruik om na geïdentifiseerde voorwerpe te verwys. Wys dalk net daarop dat die voornaamwoorde "hy" of "hom" ook korrek sou wees, al is dit nie as 'n opsie aangebied nie, soos in die voorbeeld *Hierdie nuwe Ford is oulik, maar **hy** moet nog sy spore in die motorwêreld verdien.*]

- Hoekom het jy die woord *min* juis met die prentjie van mense wat hier en daar op stoele sit, geassosieer?

  [Hulle kan redeneer dat die prentjie 'n klein aantal mense uitbeeld. Ons kan dus die mense sien, hoewel ons nie weet watter mense ter sprake is nie. Daarom is die gebruik van *min* gepas.]

- Hoekom het jy die woord *iemand* met die prentjie van die leë gesiggie geassosieer?

  [Die leerders kan redeneer dat hulle sien dat 'n persoon uitgebeeld word, maar dat hulle nie kan bepaal wie dit is nie en dat hulle daarom redeneer dat *iemand* gepas is.

## 3. Voorbeelde van onbepaalde voornaamwoorde

Hier onder word 'n klomp voorbeeldsinne waarin die onbepaalde voornaamwoord met vetdruk aangedui is, gegee.

- *Ons moet **iemand** nooi om hom geselskap te hou.*
- *Is daar dan **niemand** wat my wil help nie?*
- ***Iets** het verkeerd geloop.*
- *Kom jy dan **niks** agter nie?*
- *Daar was **allerlei** te koop.*
- ***Menigeen** het vir die eerste keer besef wat dit beteken om 'n sondaar te wees.*
- ***Iedereen**/**elkeen** sal die geleentheid kry om sy saak te stel.*
- *Daar is **genoeg** te doen / **veel** te sien / **heelwat** te eet.*
- *Ons het **baie**/**soveel**/**min** aangepak.*
- ***Alles** sal regkom.*
- ***Als** lyk baie kief!*
- ***Almal** wil weet wie se stem vir die rol gebruik word.*
- ***Enigiets** wat jou beroof van vrede in jou gemoed, beroof jou van die lewe se groot rykdom.*
- *Onder Hongkongse wette kan **enigiemand** wat skuldig bevind word, 'n stywe boete en sewe jaar tronkstraf opgelê word.*
- *As daar **een** is wat swaarkry, is dit sy.*
- *Ek sou **wat** wou gee om te weet.*
- *So 'n **ding** ken die eilandbewoners nie.*
- *Ek wil nie sulke **goed** in my huis hê nie.*



- *Al wat ek om my sien, is donker wolke, en dit is koud.*
- *’n Vloek rus op **diegene** wat hul vertroue op mense, in plaas van God stel (Jer. 17:5).*

## 4. Hoe ken ek ’n onbepaalde voornaamwoord uit?

Dit is nie nodig om al die vetgedrukte woorde in die bostaande sinne uit jou kop te leer nie. Meet eerder hierdie woorde aan die volgende toetse. Die eerste betekenistoets word vir jonger leerders voorgestel en die bykomende sintaktiese toetse is vir gebruik deur leerders in die VOO-fase.

***Betekenistoets vir jonger leerders***

Onbepaalde voornaamwoorde verwys na ’n menslike of niemenslike entiteit wat die skrywer of spreker nie bekend kan, of wil maak nie. Dit verwys dus steeds na iets, hoewel hierdie iets onbekend of vaag is.

***Sintaktiese toetse vir ouer VOO-leerders:***

Is hierdie woord die kern of belangrikste woordsoort van ’n sinsdeel? Indien wel, is dit ’n onbepaalde voornaamwoord.

[Dit kan bepaal word deur die sin in kleiner sinsdele wat ’n eenheid vorm, te verdeel, byvoorbeeld *(Daarin) (lê) (tog) (iets **moois**)*.

Volgende kan bepaal word of die betrokke woord (in hierdie geval *iets*) uit die sinsdeel weggelaat kan word, sodat die sin steeds sin maak, byvoorbeeld *(*Daarin*) (*lê*) (*tog*) (**moois**). Ons sien dat *iets* nie weggelaat kan word nie.

Omdat dit die kern van die sinsdeel *iets moois* is, is dit ’n onbepaalde voornaamwoord.]

***Bykomende toetse vir die Afrikaansonderwyser***

Is die woord *iemand*, *niemand*, *iets* en *niks* wat nie uit ’n ander woordsoort stam nie, en kan hierdie woord verskuif tot ná die eerste werkwoordgleuf (oftewel “V1”)?

[Byvoorbeeld: ***Iemand** gaan aangestel word* < *Daar gaan **iemand** aangestel word*.]

**OF**

Is die woord vormlik identies aan ’n onbepaalde hooftelwoord (byvoorbeeld *beide*/*albei*, *baie*, *veel*, *vele*, *talle*, *verskeie*, *genoeg*, *heelwat*, *min*, *weinig*, *party*, *een*, *etlike*, *sommige*, *enkele* of *enigste*, en het naamwoordellips daarna plaasgevind, sodat die woord nou in die plek van ’n sinsdeel wat rondom ’n naamwoord gebou is, staan?

[Byvoorbeeld: ***Party** mense glo dit nie* < ***Party** (= **party mense**) glo dit nie*.]

**OF**

Word die woord deur middel van die proses kwantorverskuiwing gevorm?

['n Woord wat op 'n versameling dui (hetsy 'n deelversameling of 'n totale versameling), word voor 'n selfstandige naamwoord gebruik, byvoorbeeld *[**Al** die pakkies] staan gereed om uitgedeel te word.* Hierdie woord gaan staan ná die eerste werkwoordgleuf (oftewel die "spil" of "V1"), byvoorbeeld: *Die pakkies staan **almal** gereed om uitgedeel te word*. Woordsoortelik bepaal/spesifiseer hierdie *almal* die naamwoord *pakkies* ten opsigte van 'n onbepaalde hoeveelheid. Betekenisgewys is dit daarom 'n **onbepaalde hooftelwoord**. Hierna kan die woord selfstandig (alleen) gebruik word. In so 'n geval is dit 'n **onbepaalde voornaamwoord**: ***Alles** staan gereed om uitgedeel te word*.]